**NG KERK OVERKRUIN**
**SONDAG 25 OKTOBER 2020**

**Dr Petrus Moolman**

| |
|---|
| **Lees Romeine 12:1-8**<br>**Tema: Jou gedagtes in God se ruimte** |

**INLEIDING**

**Reeks: Dissipels van Jesus leef in 'n bepaalde speelruimte.**

- **Kenmerkende van die speelruimte – dis begrens**
- Christenwees beteken nie grensloos leef nie
    - Ruimte wat die Koninkryk van God ons toelaat –
        - Tot beswil van die Koninkryk
        - … wat nie my nie, maar SY ryk sigbaar/voelbaar maak
    - Mooi verstaan – nie grense van moets/moenies nie
    - …. Of van nuwe wet nie
    - … baie Christene wil so leef … en voel gemaklik daarbinne
        - Iemand sê – Ds het lanklaas geskree … dit voel nogal goed as die prediker 'n slag 'hard' praat
        - … of lanklaas 'bekeringspreek' … bedoelende een van daardie preke waatydens jy die swawelreuk van die hel kry ….
        - … probleem is … dit is jare gehoor … en min het verander!
    - Mag/mag nie grense – dit plaas "bindings" op jou, sê hulle
        - Jy mag nie Afrikamaskers in jou huis hê nie
        - … Mag nie haalaal eet nie … (dis die mag van die Moslems op Christene)
        - In ons jonger NG dae … dans … Sondag swem … Sondag brei of koerante lees nie (net die Kerkbode en die Bybel) … maar pa lees skelm die "Dagbreek" (vandag die Rapport …)
- **In 'n sin wat vandag se tema die hele reeks eintlik saam!**
    - **Reeks handel oor ons totale menswees as Christenwees**
        - Emosies
        - Liggaamlike menswees
        - Vandag … ons denke
        - Volgende week jou tyd (sien baie uit daarna!)
        - Jou besittings … (of liewer die Koninkryk se besittings wat jy net moet bestuur …)
- **die vraag is: HOE doen ons dit?**
    - **Waarom kry ons dit nie altyd reg nie**
    - **As party sê ons moet 'tot bekering' kom**

        - **Waarom kom ons dan nie tot bekering nie?**

- **LEES ROMEINE 12:1-8**

## Tema: *Jou gedagtes (denke) in God se leefruimte*

1. **Kom ons wees prakties**

- **In SA het ons ons nog altyd daarop beroel dat ons 'n Christenland is**
    - Staatkundig nogal problematies!
        - … tans is ons 'n uitgesproke 'sekulêre' staat … waarin alle godsdienste gelyk geag word
        - … met gepaardgaand godsdiens-*vryheid* … om te assosieer met watter godsdiens jy wil
    - Sosiologies-religieus
        - 75.49% indentifiseer met een of ander Christelike geloofsgroep
            - Waarvan die NG Familie die 2de grootste is! (na Sioniste) https://www.jyu.fi/viesti/verkkotuotanto/kp/sa/soc_religion.shtml#:~:text=Almost%2080%25%20of%20South%20African,of%20no%20specific%20religious%20affiliation.
        - 3.44% ander godsdienste (waaronder Islam, Hindoeiste)
        - Ongeveer 20% geen geloof – of wil geloof nie openbaar nie
- Stelling: As Christene in SA die Woord/Koninkryk verstaan
    - Waarom is die invloed van geloof so klein?
    - Moes dit nie meer sigbaar wees nie?
    - In Openbaringbriewe die probleem … die kerk lyk soos die stad … in plaas daarvan dat die stad soos die kerk lyk!
        - Die 'stad' (wêreld) … opereer soms meer eties as die kerk/geloof
        - Wat gaan aan?

2. **Paulus het 'n standpunt hieroor …**

- **Ons mis die 'wesenlike' van die godsdiens (geloof) (vers 1b)**

> **"Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen" (letterlik: dit is die 'erediens' wat saak maak!**

- **Vir baie is godsdiens – die vroom handelinge van**
    - **Kerkbesoek/dankoffer gee/sakramente gebruik**
    - **Maar 'kerk'/'erdiens' wat saak maak is die erediens in die wêreld**
        - **Waar ek leef/beweeg/is/optree/dink/planne maak/swaarkry …**
- **Waarom mis ons dit?**

- **Miskien dink ons teveel van onsself – sê  Paulus (vers 3)**
    - **Miskien tel MY voorkeure/ambisies/besluite/ingesteldheid**
    - **… meer as dié van die Koninkryk!**
- **Dit maak my geestelik hoogmoedig … en sulke mense**
    - **Word nie geleer nie … hulle leer!**
    - **"Ek is 'n reguit mens … ek draai nie dovekies om nie … ek "call a spade a spade"**
        - **… en het geleer oor 40 jaar … dan het jy te make met iemand wat jy ook nie moet teëgaan nie!**
        - **… hy laat hom nie voorskryf nie … en sal ook nie verander nie!**
- **Paulus se raad is: word beskeie!**
    - **Ontdek wie jy is … watter gawes die Gees aan jou tervertrou het**
    - **… laat dit jou vorm/lei …**
    - **Want sien … geloof/godsdiens draai NIE om jou nie!**
        - **Dit gaan oor diens-aan-God … soos die woord sê!**
        - **NIE self-diens of eie-diens nie … GODS-diens!**
        - **… ERE-diens (in die wêreld)**

**3. Hoe kom ons daar?**

- **Laat God jou DENKE verander!**
    - Sentrum van jou lewe
    - Miskien minder sê my 'hart' moet verander …
        - My KOP moet verander!
        - My manier van DINK moet verander
            - Eerstens oor jouself! (daarom beskeie)
            - Oor God/Jesus Christus/Konikryk/Woord
            - Gedagtes oor ANDER
                - … veral die wat van jou verskil!
                - … anders as jy praat/lyk/is
    - **Paulus gebruik 'n woord wat ons vertaal met "metamorfose"**
        - Simboliek op vandag se voorblad – skoenlapper
            - Wat skoenlapper word vanuit 'n
                - Totale, wesensverandering (eiertjie - ruspe-papie-skoenlapper)
            - 'n verandering wat jou VLERKE gee (soos hulle sê van Red Bull)
- **Waarom God toelaat?**
    - **Want ons sit ons teë!**
    - **Sy verandering aan ons neem ons 'geestelike hoogmoed' weg**
        - **Laat ons afsien van ons voorkeure/vooroordele/prioriteite**
        - **Laat ons kyk soos HY**

        - **Praat soos HY**
        - **Optree soos HY**
  - **Daarom is dit belangrik – ww sê in oorspronlike …**
    - **Laat HY jou *VOORTDUREND* verander**
    - **… elke dag verander**
    - **… lewenslank verander!**
    - **Dit was die fout van my kinderdae kerk …**
      - **Ons het net PINKSTER verander**
      - **… bely/bekeer/hand opgesteek/gereageer op die sg "alter call" …**
    - **… en die volgende dag/jaar/dekade … het NIKS verander nie!**
  - **Want die Heilige Gees van Pinkster**
    - **Soek 'n LEWENDIGE … offer aan die Here**
    - **… 'n HEILIGE offer … met 'n fokus: Die Koning en die Koninkryk!**
      - **Heilig beteken nie 'vroom' praat en doen nie**
      - **… GEFOKUS praat en doen ….**
- **Paulus sê – net moontlik as jy ONTHOU WIE JY IS**
  - **Jy is iemand oor wie God in Jesus Christus HOM kom ONTFERM het!**
    - **Lees weer vers 1 ….**
      **… ek doen 'n beroep op julle, op grond van die GROOT ONTFERMING VAN God**
    - ***In wese is julle REEDS verander!***
      - **Christus het julle verhouding met die Koning kom verander**
      - **Wees net werklik wat Hy reeds van julle gemaak het!**
    - **… hou op teenstribbel**
      - **….  Jou eie hart volg**
      - **… laat HY jou MANIER VAN DINK kom verander**

## Slot:

## Wie weet … miskien … as ons toelaat dat die Gees ons manier van dink verander
## kom die Christelike karakter van dié veelvolkige nasie waaraan ons behoort dan sterker na vore!

○